

13 *Dinsdag***SKRIFGEDEELTE: 2 KONINGS 19:1-19****FOKUSGEDEELTE: 2 KONINGS 19:6****Sanherib – Vertrou op die Here, want Hy is in beheer**

Die groot gebeurtenis in die dae van Hiskia was die aanval van die Assiriese koning Sanherib op Jerusalem. Hierdie aanval was te wagte, want Sanherib was met 'n geweldige magsuitbreiding van die Assiriese Ryk besig.

Hiskia, die koning van Juda, het gedoen wat reg is in die oë van die Here. Hy het op die Here vertrou en as reformator opgetree deur die tempel en die erediens te herstel. Ook het hy die verbond met die Here hernuwe en is die pasga weer gevier.

Nou kom Sanherib egter met hierdie aanvalle op Juda en 'n mens wonder: Hoe gebeur dit nou? Hiskia is dan so getrou teenoor God? Dit is egter nie waarop hierdie verhaal fokus nie. God het belowe en Hy is getrou aan sy belofte, ten spyte van mense soos Sanherib. Sanherib, in sy grootheidswaan, het nie respek vir die God van Juda nie. Hy laat Hiskia weet: “Moet tog nie die fout maak om op die Here te vertrou nie. Al die ander volke rondom julle het op hulle gode vertrou en dit het niks gehelp nie. Hulle het almal die onderspit gedelf.”

Hiskia neem die briewe wat Sanherib aan hom gestuur het na die huis van die Here, en hy lê dit voor die Here en doen 'n ernstige gebed. Die Here praat deur Jesaja en sê vir Hiskia dat hy nie moet bang wees nie. Hy gaan Sanherib onrustig maak en laat teruggaan na sy eie land waar hy doodgemaak gaan word.

Vertrou net op die Here. Dit het dan net so gebeur, en Jerusalem is van die Assiriese koning Sanherib verlos.

*Sing: Psalm 125:1-3**Ds. E (Emile) Naudé (Eden)*